

PREEKSKETS: Matteus 14:22–33

Aan die nagmaalstafel wil God ons harte in die geloof versterk dat Christus **“WAARLIK DIE SEUN VAN GOD”** is. Oor wat Hy alles kan doen, hoef ons nie te twyfel nie.

In die storms van die lewe, **REAGEER GELOWIGES NET OP JESUS SE ROEPSTEM: “KOM!”** Petrus wag op Christus se bevel: *“Kom!”* Waar hoor ek Jesus se roepstem die duidelikste? Wanneer ek biddend tyd saam met Hom en die Heilige Gees rondom die Bybel spandeer. Dis dan wanneer die Gees in my hart en gedagtes fluister: *“Kom!”*, Jesus roep jou.

Jesus roep maar **IEWERS GAAN EK UIT DIE BOOT UIT MOET KLIM OM OP DIE WATER TE KAN LOOP.** Petrus moes iets doen om die vreugde en vryheid van God se almag te beleef. Net soos Dawid wat sy man met sy slingervel en ’n paar klippies voor Goliat moes gaan staan het, moet ek en jy ook ’n daad van geloof doen. Dade van geloof sal my altyd nader aan Jesus bring, want dit hou altyd rekening met die Woord.

JESUS WEET EK EN JY GAAN BANG WORD, DAAROM SORG HY DAT HY ALTYD NET ’N HAND UITSTEEK VÊR IS. Petrus het reeds die almag van Christus beleef in sy eerste paar tree; alles in hom was net op Jesus gerig; hy was op pad om ’n held te wees! Toe gebeur dit. Hy begin sink en ons hoor sy uitroep: *“Here, red my!”* Kleingeloof maak dat ek dapper en volmoed iets saam met God kan aanpak. Alles begin goed en ek is op pad om iets te bereik wat ek gedink het nooit sal kan gebeur nie en dan tref die werklikheid my skierlik: Ek sien die wind! In my hart word al die gevare en uitdagings die enigste werklikheid en ek verloor vir Jesus uit die oog. Hier is die goeie nuus: My en jou se kleingeloof vang Jesus nie onkant nie! Jesus is altyd “’n hand uitsteek” vêr as ek om hulp roep. Jesus is deur sy Heilige Gees baie nader aan ons as wat ons ooit kan dink.

JESUS SE GROOT DADE VERANDER ’N MENS! Daar in die skuit, nadat Jesus en Petrus ingeklim het, het die storm bedaar en dan lees ons: “Die manne in die skuit het voor Jesus gekniel en gesê: *“U is waarlik die Seun van God.”* Wanneer die Heilige Gees jou, in die lig van die Bybel, na die grootste wonderdaad, Christus die gekruisigde wat uit die dood uit opgestaan het, lei kan jou lewe nie dieselfde bly nie. Ja, ek gaan nog baie dom besluite maak en mislukkings beleef. Ek gaan nog baie bid en bang wees. Ek gaan nog baie roep: *“Here, red my!”* MAAR deur elke storm en deur elke stryd, word my geloof net sterker en sterker en staan die

Waarheid, Jesus Christus die opgestaande Here, net meer en meer uit. Elke keer kan ek maar net weer in aanbidding voor Hom neerbuig. So groei my geloof en word ek net 'n sterker en handiger instrument in die hand van my Here.

Deur sy Woord en Gees vra Jesus aan ons: Hoe groot is die Here wat jy dien? Weet dat Hy almagtig is, maar om hierdie groot mag in jou lewe te beleef, sal jy uit die boot uit moet klim. So moeilik as wat dit lyk en wat dit gaan wees, weet dat jy nader aan Hom gaan kom.

VIR VERDERE OORDENKING BY ONTDEKGROEPE

“Waterwandeling moet 'n voorbeeld wees van iets wat 'n mens nooit alleen sou kon doen nie, maar wat met God se hulp moontlik is.” John Ortberg

1. Deel met groep wat dit op die oomblik in jou lewe is waar net God se hulp die deurslag kan gee?
2. Lees Rigters 7:7-22 en bespreek die volgende waarheid: God stap saam met Gideon en Hy doen groot dinge, maar Gideon moes ook geglo en gedoen het.
3. Getuig binne die groep van die kere toe God grote dinge in jou lewe gedoen het?
4. Waarmee bemoedig die Heilige Gees in hierdie gedeelte?

“Here, help my om groot dinge te doen asof hulle klein is omdat ek hulle met U mag doen; en klein dingetjies asof hulle groot is omdat ek hulle in u Naam doen” (Blaise Pascal)

As jy op die water wil loop, klim uit die boot uit! Hoekom? Want Jesus is op die water! (John Ortberg)